

Hoofstuk van die dag: Romeine 5

> *… en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. (vers 5)*

Bybelse hoop is nie ’n miskien, ’n dalk gaan dit gebeur, nie.

Dit is ’n sekerheid dat ons in die toekoms sal kry wat God beloof het. Dit is gegrond op God se werk en beloftes, en daarom staan dit vas.
Die hoop waarvan Paulus hier praat, is God se belofte dat ons aan sy heerlikheid sal deel hê (vers 2). Om ons te help om dit te glo, gebruik God allerhande maniere, selfs ons swaarkry (vers 3). Maar veral help Hy ons deur die werk van sy Gees wat oorvloedig in ons werk (vers 5).
Jy kan dalk dink dit geld vir ander mense, maar jy is te sondig. Paulus herinner ons in vers 8 dat God se liefde nie net vir super-vromes is nie. Sy liefde is vir sondaars, soos ek en jy. Vir óns het Christus kom sterwe toe ons dit allermins verdien het. Nou is ons verlos en God se kinders, versoen met Hom (vers 10). Natúúrlik sal Hy ons nie nou los nie. Dís ons hoop!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026